

Die effektiewe priesterorde van Melgisedek (OP94)

Heb 7:11-19

31 Julie 2022

Ons is besig om te kyk na die Hebreërboek se beskrywing van die Seun as Hoëpriester. Die skrywer het al verskeie kere verwys na die feit dat die Seun Hoëpriester is volgens die priesterorde van Melgisedek. Omdat hy oortuig was dat hierdie onderwerp nie so maklik is om te begryp nie, en ook omdat hy verwag het dat dit 'n groot verandering was om van kennis te neem vir mense wat uit 'n Joodse agtergrond en geloof kom, het hy hulle aangespoor om die nodige ywer aan die dag te lê om hierdie onderwerp te kan verstaan. Laasweek het ons begin om na die priesterorde van Melgisedek te kyk. Aanvanklik het ons geleer wie Melgisedek was: Hy was in die tyd van Abraham koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Hy was koning van geregtigheid en ook koning van vrede. Verder was hy sonder afstamming en oënskynlik sonder begin of einde van lewe. Hy was op 'n besondere manier 'n tipe van die Seun as Priesterkoning. Ons het ook na drie redes gekyk wat aandui dat die priesterorde van Melgisedek meer verhewe is as die Levitiese priesterorde:

- Melgisedek was meer verhewe as Abraham, want Abraham het tiendes aan Melgisedek gegee. Abraham was weer meer verhewe as die Levitiese priesters, omdat hy hulle stamvader was. Daarom is Melgisedek ook meer verhewe as die Levitiese priesters.
- Melgisedek het Abraham geseën, en was dus meer verhewe as Abraham. Maar Abraham was meer verhewe as die Levitiese priesters, want hy was hulle stamvader, en dus is Melgisedek meer verhewe as die Levitiese priesters.
- Die Levitiese priesters was maar net vir 'n beperkte periode priesters, terwyl Melgisedek voortdurend priester was. Siende dat die Seun die antitipe is van Melgisedek, is Hy dus selfs meer verhewe as Melgisedek, en by implikasie ook meer verhewe as Abraham en die Levitiese priesters en hoëpriesters.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 7:11-19. Terwyl ons laasweek gekyk het na die verhewenheid van die priesterorde van Melgisedek, wil ek hierdie gedeelte vandag bespreek onder die titel: "Die effektiwiteit van die priesterorde van Melgisedek".

Vers 11

In vers 11b word die vraag gevra: "As die Levitiese priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was dit dan nodig dat 'n ander priester volgens die priesterorde van Melgisedek aangestel moes word?" Vers 11 voeg verder by dat hierdie ander priester nie volgens die orde van Aäron, en dus nie van die Levitiese priesterorde, was nie. Dit gaan dus hier oor die belangrike saak: waarom is dit nodig dat daar 'n ander priesterorde moes kom? Maar let op: die vraag verwys spesifiek na die feit of die Levitiese priesterorde "volmaaktheid kon bewerk". Dit laat natuurlik die vraag ontstaan oor wat die "volmaaktheid" is waarna verwys word en wat die priesterorde moes bewerk. AW Pink definieer "volmaaktheid" as volg: Volmaaktheid word bereik wanneer iets die punt bereik dat dit volledig voldoen aan die doel waarvoor dit gemaak is. Die volmaaktheid wat die priesters moes bewerk, was om 'n standhoudende en volmaakte verhouding tussen God en die mense wat hulle bedien, te bewerk. Dink maar terug aan wat ons in Heb 5 geleer het aangaande die vereistes waaraan 'n hoëpriester moes voldoen: Hy moes 'n mens wees, en hy moes ter wille van die mense optree wat hy bedien. Terselfdertyd moes hy deur God aangestel wees. Hieruit is dit tog duidelik dat die hoëpriester as tussenganger moes optree tussen God en die mense. Ons het ook geleer dat hy iemand moes wees wat medelye gehad het met die swakhede van die mense wat hy bedien, en hy was die een wat gawes en offers na God moes bring om versoening te doen vir die sondes van die

mense. Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat die “volmaaktheid” wat die priesters moes bewerk, was om as tussenganger tussen God en die mense offers voor God te bring waardeur die eise van God se regverdigheid oor hulle sondes volkome bevredig sou word, sodat die gebroke verhouding tussen die mense en God volkome herstel kon word, en die mense weer met vertroue voor God kon verskyn.

Die vraag in vers 11 is dus: As die Levitiese priesters hierdie volmaaktheid in die verhouding tussen God en die mense kon bewerk, hoekom was dit nodig dat ‘n ander priester uit die orde van Melgisedek moes kom?

Let ook op dat vers 11 leer dat die Levitiese priesterskap saamhang met die wet wat die volk van God ontvang het. Dit verwys duidelik na die gebeure destyds toe die volk by Sinai was tydens hulle woestyntog op pad na die beloofde land. Dit was by Sinai dat die Here deur Moses aan die volk die opdrag gegee het om Aäron as hoëpriester en sy seuns as priesters aan te stel. Maar die Here het baie meer by Sinai gegee: Hy het Sy morele wet aan die volk gegee, d.i. die tien gebooue, wat God se standaard is van hoe hulle moes lewe. Hy het hulle die opdrag gegee om die tabernakel te bou – dit was juis in die tabernakel dat die priesters hulle diens moes verrig. Hy het voorskrifte gegee vir die offers: daaglikse, weeklikse en jaarlikse offers wat gebring moes word. Hy het voorskrifte gegee oor die feeste wat die volk gereeld moes hou: bv. die sabbatdag, die pasga, die loofhuttefees, die fees van die weke, en die groot versoendag. Hy het voorskrifte gegee oor hoe die volk onderling in die samelewing moes leef. As vers 11 verwys na die “wet” wat saamhang met die Levitiese priesterskap, dan verwys daardie “wet” na al hierdie dinge wat God gegee het saam met die priesterskap. Duidelik het die priesters ‘n baie belangrike rol gespeel in hierdie voorskrifte: hulle moes die diens in die tabernakel verrig, hulle moes die offers bring, hulle moes ‘n belangrike rol tydens die feeste speel – dink maar net aan die hoëpriester se rol op die groot versoendag. Kan ons maar sê: daar was ‘n hele sisteem / administrasie wat hand aan hand geloop het met die Levitiese priesterskap.

Maar onthou nou, God het self al hierdie voorskrifte aan die volk gegee, en Hy het verwag dat hulle dit nougeset sou uitvoer. ‘n Mens sou dus verwag dat as die Levitiese priesters hulle rol in hierdie sisteem / administrasie getrou uitgevoer het, sou die Levitiese priesterskap volmaaktheid kon bewerk – dit was immers God wat dit alles voorgeskryf het. En as dit waar is: Hoekom is daar nou skielik ‘n behoefte aan ‘n ander priester, veral een wat nie volgens die orde van Aäron, oftewel die Levitiese priesterorde, is nie, maar wel volgens die priesterorde van Melgisedek?

Verse 13-14

Daar is nog ‘n saak wat opgeklar moet word: Lees verse 13 en 14. Vers 13 verwys na “Hy van wie hierdie dinge gesê word” – dit verwys natuurlik na hierdie ander Priester wat moes kom. Vers 13 sê dat hierdie ander Priester juis uit ‘n ander stam sou kom, ‘n stam waaruit niemand ooit by die altaar diens gedoen het nie. Onthou nou, dit was God self wat by Sinai voorgeskryf het dat die priesters net uit Levi mog kom. Maar nou moes ‘n ander Priester kom, en nie uit Levi nie. Die Hebreërskrywer het nou al gesê dat hierdie ander Priester die Here Jesus is. Vers 14 voeg nou by dat dit ‘n algemeen bekende feit is dat Jesus uit Juda afstam, en nie uit Levi nie. Feitlik is dit dus korrek dat hierdie ander Priester nie uit Levi gekom het nie. Maar, hoe klop dit met die feit dat Moses, en dus God self, destyds by Sinai niks gesê het oor ‘n Priester wat uit ‘n ander stam, in die geval Juda, sou kom nie? Ja, dit is so dat daar verskeie profesieë in die Ou Testament is wat daarop dui dat die Verlosser uit Juda sou kom. Dink maar aan Gen 49:10 waar Jakob op sy sterfbed vir Juda sê: “Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp”. Ja, hulle kan ‘n koning uit Juda verwag, maar hier is niks wat aandui dat ‘n Priester uit Juda verwag moes word nie. Of dink aan 2 Sam 7:12 waar God aan Dawid beloof dat Hy een van Dawid se nageslag koning sal

maak en aan hom 'n bestendige koningskap sal gee. Ja, Dawid was uit Juda, en hier is 'n belofte van 'n komende Koning uit Juda, maar nie van 'n Priester nie. Of dink aan Jes 11:1-5 waar ons die profesie lees van 'n takkie wat uit Isai, en dus uit Juda, sal voortspruit. Maar hierdie takkie sal regverdig en betroubaar regeer – weereens moes hulle 'n komende Koning uit Juda verwag, maar ons lees nie van 'n Priester uit Juda nie. Moses het dus niks gesê oor 'n Priester uit Juda nie, en al hierdie ander profesieë praat net van 'n komende Koning uit Juda, nie 'n Priester nie. Trouens, die feit dat die priesterskap beperk was tot die stam Levi, was duidelik onderstreep in die gebeure in 2 Kron 26:16-18 toe koning Ussia van Juda homself aangematig het om in die tempel in te gaan en wierookoffers op die wierookofferaltaar te gaan offer. Die priester Asarja het hom aangespreek en duidelik gemaak dit was 'n voorreg wat beperk was tot die priesters uit die nageslag van Aäron. Die gevolg was dat Ussia melaats geword het, en melaats gebly het tot met sy dood. Hoe rym dit nou alles met die feit dat die Hebreërskrywer nou redeneer 'n ander Priester het gekom, naamlik Jesus, die Seun van God. Hy is nie uit die stam Levi nie, maar wel uit die stam Juda. En boonop is Hy nie van die Levitiese priesterorde nie, maar van die priesterorde van Melgisedek!

Vers 12

Vers 12 maak verder duidelik dat as hierdie ander komende Priester nie volgens die Levitiese priesterorde is nie, beteken dit nie net die Levitiese priesterorde verander nie, dit beteken ook dat die wette en voorskrifte wat destyds by Sinai gegee is waarvolgens die Levitiese priesters moes handel, ook moet verander. Dit beteken daar gaan ook 'n verandering moet wees in terme van dinge soos die tabernakeldiens, die offers wat gebring moet word, en die feeste wat gehou moet word.

Verse 15-17

Lees verse 15-17. Die skrywer redeneer dat as jy in gedagte hou dat die ander Priester 'n Priester is volgens die priesterorde van Melgisedek, dan word dit nog duideliker dat daar ook 'n verandering in die wet sal moet plaasvind. Sy motivering hiervoor is tweeledig:

- In die eerste plek was dit duidelik dat Melgisedek nie priester geword het as gevolg van die feit dat hy 'n sekere afstamming gehad het nie. Daarteenoor het die wette wat saam met die Levitiese priesterorde gegee is, juis duidelik onderstreep dat die priesters net uit die stam Levi moet kom. As die priesterskap nou verander van Levities na Melgisedek, sal hierdie ander Levities-verwante wette ook moet verander.
- In die tweede plek het ons gesien dat Melgisedek onvernietigbare lewe gehad het en voortdurend priester was. Trouens, ons het nou al verskeie kere gelees dat die Seun Hoëpriester is vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek. Dit is weereens anders as die geval met die Levitiese priesters: Die wette wat saam met die Levitiese priesterskap gegee is, het aangedui hoe priesters mekaar moet opvolg, en selfs dat priesters nie eens vir hulle hele lewe aktiewe priesterdiens gedoen het nie. Al hierdie wette sal ook moet verander as die priesterskap verander van Levities na Melgisedek.

Kan ek ook nog die volgende opmerking maak: Ons het nou gesien dat 'n verandering in priesterorde het ook tot gevolg dat 'n verandering in wette intree waarvolgens daardie priesterorde handel. Dit is egter so dat die 10 gebooue destyds ook saam met al die Levitiese voorskrifte by Sinai aan die volk gegee is. Beteken dit nou dat die 10 gebooue ook opgehef is, saam met die Levitiese priesterorde? Ek is oortuig dit is nie die geval nie. Onthou die volgende: die 10 gebooue is 'n opsomming van God se wil oor hoe Hy wil hê dat ons moet lewe. Maar hierdie 10 gebooue is nie maar net 'n lukrake aantal voorskrifte nie – nee, hulle is 'n beskrywing van die wese van God. Byvoorbeeld: die eerste gebod eis dat geen ander gode aanbid mag word nie. Hoekom nie? Want God is enig. Die derde gebod eis dat

ons nie Sy Naam ydellik moet gebruik nie. Hoekom nie? Want God is heilig. Die negende gebod eis ons mag nie vals getuienis lewer nie. Hoekom nie? Want God is waarheid. Die punt is nou dit: God se wese is onveranderlik. En daarom is dit waarin Hy Hom verlustig, ook onveranderlik. En daarom verwag God steeds van ons nou wat Hy destyds van die volk by Sinai verwag het. Die priesterordes en hulle gepaardgaande wette is ingestel omdat ons nie God se wet gehoorsaam soos ons dit behoort te doen nie. Maar die oorgang van een priesterorde na die ander, beteken nie dat God se Wese of Sy standaard vir ons verander nie. Al wat verander is hoe God ons ongehoorsaamheid aanspreek.

Verse 18-19

Dit bring ons by verse 18-19. Lees vers 18-19b. In hierdie verse lees ons uiteindelik die antwoord op die vraag in vers 11. Daar was die vraag: As die Levitiese priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was dit nodig dat 'n ander Priester volgens die priesterorde van Melgisedek moes kom? En die antwoord daarop is dat die Levitiese priesterorde, en daarmee saam ook die wette wat hand aan hand met die priesterorde gaan, inderdaad opgehef word, en vervang word met die priesterorde van Melgisedek en die wette wat daarmee saamgaan. Die rede waarom die Levitiese priesterorde en wette opgehef is, is omrede dit kragteloos en nutteloos was in die sin dat dit nie volmaaktheid kon bewerk nie.

Kom ons dink eers hieroor: Is dit werklik so dat die Levitiese priesterorde nie volmaaktheid kon bewerk in die verhouding tussen God en die mense nie? In opvolgende gedeeltes sal die Hebreërskrywer dit nog duidelik maak dat dit inderdaad die geval is. Maar kan ek vir nou volstaan met die volgende paar opmerkings om die beperkte vermoë van die Levitiese priesterorde uit te wys:

- Voor die sondeval, het God aan Adam en Eva gesê dat as hulle sou eet van die boom van kennis van goed en kwaad, sou hulle sterwe. Omdat Adam en Eva wel van die boom se vrugte geëet het, beteken dit dat hulle as mense moet sterf – God het so beloof, en Sy regverdigheid eis dat Hy Sy belofte gestand doen. Maar wat bied die Levitiese priesterorde aan God om versoening te doen vir die sondes van die mense? Die bloed van diere! Dit was nie voldoende nie, en daarom kon die Levitiese priesterorde nie volmaaktheid bewerk nie. Dit was kragteloos en nutteloos.
- Bo en behalwe versoening vir sondes wat gedoen is, is dit ook nodig dat die harte van die mense vir wie daar versoening gedoen word, verander sodat hulle nie in sonde bly leef nie. Maar die Levitiese priesterorde het niks gebied om die harte van die volk te verander nie – die Ou Testament is vol voorbeelde van hoe die volk telkens maar weer hulle harte verhard het, selfs al is die nodige offers gebring. Die Levitiese priesterorde kon nie volmaaktheid bewerk nie – dit was kragteloos en nutteloos.
- Na die sondeval het God beloof dat Een uit die nageslag van die vrou sou kom om die kop van die slang, dit is die duiwel, te vermorsel om sodoende die bron van die sonde effektief aan te spreek. Maar die Levitiese priesterorde het niks gebied om die kop van die slang te vermorsel nie, dus kon dit nie die wortel van die sonde aanspreek nie, dus kon dit nie volmaaktheid bewerk nie. Dit was kragteloos en nutteloos. En gevolglik is dit afgeskaf en vervang met 'n meer verhewe priesterorde, wat hierdie tekortkominge effektief kan aanspreek en sodoende wel volmaaktheid kan bewerk in die verhouding tussen God en die mense.

Maar nou sou ons die vraag kon vra: Dit was tog God self wat die Levitiese priesterorde ingestel het. Hoekom het God 'n priesterorde ingestel wat nie volmaaktheid kon bewerk nie, wat kragteloos en nutteloos was? Kan ek twee sake uitlig:

- Die Levitiese priesterorde was 'n tipe wat die volk, en ons, moes leer op 'n sigbare, tasbare, maklik verstaanbare manier van die ware Hoëpriester wat sou kom. Ons leer verskeie aspekte uit hierdie priesterorde: (1) Ons leer dat God se regverdigheid eis dat offers gebring moet word, en hierdie offers moet gepaard gaan met dood, omdat die dood die loon van die sonde is. (2) Ons leer hoe groot ons nood aan effektiewe offers is, weens ons onvermoë om God se wet te hou. (3) Ons leer uit hierdie priesterorde en die wette wat daarmee saamgaan baie oor hoe God wel effektief versoening sal bewerk tussen Hom en sondaarmense. Dink maar net hoe die tabernakel en die priesterdiens daarin 'n simbool is van die nuwe lewende weg wat God met gelowiges loop – ons sal later in Hebreërs nog meer hieroor leer. Die punt is dat die Levitiese priesterorde kragteloos en nutteloos was om volmaaktheid te bewerk tussen sondaars en God, maar dit was kragtig en nuttig as 'n tipe van hoe God wel die volmaaktheid sou bewerk!
- Ek het vroeër die stelling gemaak dat daar heelwat profesieë in die Ou Testament was wat duidelik gemaak het daar 'n Koning gaan kom wat verlossing gaan bewerk, en hierdie Koning gaan spesifiek uit Juda kom. Omdat daar so baie klem gelê is op die feit dat Ou Testamentiese priesters net uit die stam Levi mog kom, is ons geneig om te dink dat die komende Verlosser as Hoëpriester daarom ook uit die stam Levi sou kom. En nou het ons 'n probleem: hoe kan die Verlosser uit Juda en Levi kom? Maar as ons mooi sou oplet wat God in die Ou Testament geopenbaar het, moes ons voorsien het dat daar 'n verandering in priesterorde op pad is. Kyk na die volgende:
 - Abraham en Melgisedek het ongeveer 2000 jaar vC geleef. Toe al het God duidelik gemaak dat Melgisedek 'n priesterkoning is – een persoon is priester en koning (Gen 14). As jy mooi sou oplet, sou jy daar al kon sien dat hierdie priesterkoning meer verhewe is as Abraham – wat op sy beurt die stamvader is van Israel.
 - Die instelling van die Levitiese priesterorde het eers sowat 600 jaar later gebeur (ek aanvaar die uittog wat in ongeveer 1400 vC). Die priesterorde van Melgisedek gaan dus die priesterorde van Levi vooraf. Maar op daardie stadium was daar nog geen sprake van 'n koning in Israel nie.
 - Die instelling van 'n koning in Israel vind eers heelwat later plaas – ongeveer 1000vC. Dawid was die tweede koning. Soos ons gesien het was daar verskeie profesieë wat dit duidelik gemaak het dat hy die voorloper was van die komende ware verlossende Koning. Maar, in Ps 110 as ons lees van hierdie komende Koning, lees ons ook dat Hy vir ewig Priester is volgens die priesterorde van Melgisedek. Die komende Verlosser is dus ook 'n Priesterkoning – soos Melgisedek.
- Siende dat hierdie komende Verlosser uit Juda sou kom, siende dat daar geen direkte profesie is wat sê dat hierdie Verlosser uit Levi sou kom nie, siende dat Hy 'n Priesterkoning sou wees, siende dat die enigste ander priesterkoning Melgisedek is, siende dat die priesterskap van Melgisedek die Levitiese priesterskap vooraf gegaan het en verhewe was daarbo – sou 'n mens, as jy genoeg aandag hieraan gegee het, die gevolgtrekking moes maak dat die Levitiese priesterorde plek sou moes maak vir die priesterorde van Melgisedek, wat dit soveel jaar vooraf gegaan het!

Vers 19b voeg by dat die verandering in priesterorde het ook die gevolg dat daar nou 'n beter hoop ingetree het waardeur ons tot God kan nader. Teenoor die Levitiese priesterorde wat kragteloos en nutteloos was om volmaaktheid te bewerk, is die priesterorde van Melgisedek instaat om vir ons

hoop te bring sodat ons wel tot God kan nader. Ons weet Bybelse hoop gaan gepaard met sekerheid. Deur die antitipe van die Ou Testamentiese Melgisedek, dit is die Seun van God as Priesterkoning, is dit wel moontlik om volmaaktheid te bereik. Weereens sal Hebreërs ons later nog meer hiervan leer, maar intussen moedig AW Pink ons aan om te dink oor wat ons van hierdie Priesterkoning in die Nuwe Testament leer:

- 2 Kor 5:21 (OAV) – “Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.” Hy is die ware effektiewe Koning van geregtigheid!
- Rom 5:1 – “God het ons geregverdig omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus.” Hy is die ware effektiewe Koning van vrede!
- 1 Joh 2:8 – “Tog is dit ook ‘n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe. Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle, want die duisternis is aan die verbygaan, en die ware lig skyn alreeds.” Met die koms van hierdie Priesterkoning is daar soveel dinge, wat vroeër nie mooi duidelik was nie, nou baie duidelik.
- Ef 2:18 – “Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.” Die Levitiese priesterorde kon nie werklik volmaaktheid tussen ons en God bewerk nie. Die ware Priesterkoning het effektief vrye toegang tot die Vader bewerk.
- Joh 17:24a – “Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U my gegee het, ook by My moet wees.” Die doel van die ware Priesterkoning is dat ons by Hom, en dus ook by Sy Vader, sal wees. Ons kan alleen daar wees omdat Hy effektief volmaaktheid vir ons bewerk het.
- 1 Pet 1:8 – “Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met ‘n onuitspreeklike en heerlike blydschap.” Die ware Priesterkoning het effektief bewerk dat ons deel het aan die saligheid, en dit bring onuitspreeklike en heerlike blydschap.
- 1 Kor 1:30b-31 – “Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing. Daarom, soos daar geskrywe staan: Die wat wil roem, moet in die Here roem.” Die resultaat van die werk van die ware Priesterkoning is dat ons deeglik begryp ons het niks in onself om in te roem nie, nee, ons roem maar net in die Here wat dit effektief bewerk het!

Samevatting

Kan ek saamvat: Laasweek het ons uit Heb 7:1-10 geleer die priesterorde van Melgisedek is ‘n meer verhewe priesterorde as die Levitiese priesterorde. Vandag het ons uit Heb 7:11-19 geleer die priesterorde van Melgisedek is meer effektief as die Levitiese priesterorde. Alhoewel die Levitiese priesterorde kragtig en nuttig is as ‘n tipe waarvan ons kan leer oor die werk van die ware Hoëpriester, is dit kragteloos en nutteloos om werklik volmaaktheid tussen ons en God te bewerk. Nee, dit verg die werk van die ware Priesterkoning. Dit verg die werk van die ware Hoëpriester wat Priester is volgens die orde van Melgisedek. Deur Sy werk is daar waarlik ‘n seker hoop op volmaaktheid voor God. G’n wonder dat die priesterorde van Melgisedek meer verhewe is as die Levitiese priesterorde nie.